
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# RELIGIESTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae noukeurig deur.

4. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoord moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Nirvana word na as ... verwys.

A oortuigings wat mense verwag word om te aanvaar sonder twyfel
B ’n toestand van perfekte geluk
C ’n morele beginsels
D ’n stel oortuigings of beginsels (1)

1.1.2 Dogma in ’n godsdienstige konteks is ’n ...

A leuen of ’n opgemaakte storie.
B lering met absolute outoriteit.
C heilige teks.
D bespreking van geestelike waarhede deur middel van ’n storie. (1)

1.1.3 Die stigter van die Baha’i-geloof is …

A Siddhartha Gautama.
B Baha’u’llah.
C Dalai Lama.
D Boeddha. (1)

1.1.4 Die Tao word as … beskryf.

A die aarde
B die pad van die heelal
C die siklus van lewe
D etiese beginsels (1)

1.1.5 Watter EEN van die volgende is ’n verduideliking van monoteïsme?

A ’n Doktrine wat twee onafhanklike beginsels erken.
B Die geloof dat God alles is en alles God is.
C Die geloof in, of aanbidding van een god.
D Geloof in, of aanbidding van die bestaan van baie gode. (1)

1.1.6 Die Vedas word beskou as ’n heilige teks in ...

A Baha'i-geloof.
B Boeddhisme.
C Hindoeïsme.
D Judaïsme. (1)

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.7 Die Baha'i-geloof het in … ontstaan.

A Irak
B Iran
C China
D Saoedi-Arabië (1)

1.1.8 Die Hadith is ...

A 'n versameling van leringe van die Profeet Mohammed.
B verpligte leringe in die Koran.
C boeke met mites.
D rekords van Islamitiese geskiedenis. (1)

1.1.9 Afrika religie word as ... gedefinieer.

A 'n trans.
B inheems.
C die Terevada.
D die nagmaal. (1)

1.1.10 Een van die hoofsakramente in die Katolieke kerk is …

A die Nagmaal.
B Judaïsme.
C Bodhisattva.
D Baha'u'llah. (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.2) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die hergeboorte van 'n siel of gees in 'n nuwe liggaam word ... genoem. (2)

1.2.2 'n Geestelike dissipline wat met die beheer van asemhaling, eenvoudige meditasie en spesifieke liggaamshoudings gepaard gaan, is ... (2)

1.2.3 Die woord 'katoliek' beteken ... (2)

1.2.4 In Taoïsme bestaan alles in die skepping uit twee kragte, genaamd die jin en ... (2)

1.2.5 ... is 'n nie-sendeling godsdiens. (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs die woord 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien jou keuse ONWAAR is.

1.3.1 Voorvaders word in Hindoeïsme vereer. (2)

1.3.2 Konserwatief is die vashou aan tradisionele, konvensionele waardes teen verandering. (2)

1.3.3 Die woord 'kosjer' verwys na die woorde van die Boeddha. (2)

1.3.4 Hindoeïsme het nie 'n kaste-stelsel nie, maar Islam het. (2)

1.3.5 Dharma is meestal algemeen in Islam en Judaïsme as 'n manier van aanbidding en gebed. (2)

1.4 Kies 'n item uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Geloof in baie gode | A | Tripitaka |
| 1.4.2 | Die pad van die heelal | B | Voorvaders word vereer |
| 1.4.3 | Die drievoudige kanon in Boeddhisme | C | Kruistogte |
| 1.4.4 | Afrika Tradisionele Godsdiens | D | Politeïsme |
| 1.4.5 | 'n Reeks Christelike oorloë teen hoofsaaklik Moslem gebiede | E | Taoïsme |

(5 x 2) (10)

1.5 Definieer die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

1.5.1 Vergelykbaarheid (2)

1.5.2 Eendersheid (2)

1.5.3 Identiteit (2)

1.6 Onderskei tussen *karma* en *ubuntu.* (4)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

## VRAAG 2

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

2.1 In die konteks van die godsdiens, verduidelik die volgende konsepte:

2.1.1 Geloof (4)

2.1.2 Mite (4)

2.1.3 Allegorie (4)

2.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die geloof in voorvaders is ŉ aanduiding dat die siel onsterflik is en dat daar lewe is na die dood. Lewe na die dood sluit nie beloning of straf in nie, want dit, word geglo, vind plaas in die hier en nou terwyl mense leef.
>
> [Bron: *Shuters Top Klas Religiestudies* Graad 12, bladsy 27]

2.2.1 Onderskei tussen *beloning* en *straf* in Afrika Tradisionele Godsdiens. (8)

2.2.2 Beskryf DRIE faktore wat die godsdienstige identiteit van mense vorm. (6)

2.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Hoe word hierdie konsep in ŉ godsdienstige konteks gebruik? Kom ons begin deur te kyk hoe hierdie term op ŉ klein groep toegepas kan word. Ons kan gebruik maak van ŉ voorbeeld van ŉ groep beraders wat kinders wat mishandel is, wil help. Hierdie groep kan die unieke besluit neem om versoening tussen die misbruiker en die oorlewende te probeer bewerkstellig in ŉ poging om maatskaplike harmonie te herstel. Dit kan die groep op ŉ unieke wyse anders maak as ander groepe wat op dieselfde gebied werk, wat slegs fokus op die oorlewendes van misbruik.
>
> [Bron: *Shuters Top Klas Religiestudies* Graad 12, bladsy 5]

Noem enige TWEE unieke kenmerke van elk van die volgende godsdienste:

2.3.1 Afrika Tradisionele Godsdiens (4)

2.3.2 Judaïsme (4)

2.3.3 Islam (4)

2.3.4 Christendom (4)

2.4 Skryf neer enige VIER algemene kenmerke wat tussen Hindoeïsme en Boeddhisme bestaan. (8)

**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Belangrike menseregtekwessies sluit in geloofwaardige verslae van onwettige of arbitrêre moorde, insluitend van Palestyne in Israel en die besette gebied, beperkings van Palestyne wat in Jerusalem woon, insluitend privaatheid, die familie en huis, aansienlike inmenging, met vryheid van vreedsame vergadering en assosiasie, vryheid, geweld of dreigemente van geweld teen Palestyne, rasse en arbeidsregte.
>
> [Aangepas uit *Bureau of Democracy, Human rights and Labour,* 2023]

3.1.1 Verduidelik kortliks die konsep g*odsdiensvryheid*. (4)

3.1.2 Definieer die konsep *godsdienstige verdraagsaamheid*. (6)

3.1.3 Dink jy godsdiensvryheid is voor 1994 in Suid-Afrika beskerm? Gee redes vir jou antwoord. (10)

3.1.4 Noem die menseregte-skendings wat in Palestina plaasgevind het. (10)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> In September 2012, is 'n berugte amateuragtige 13-minute kortfilm wat '*Innocence of Muslims'* genoem is, wat die profeet Muhammad se eer aangetas het, op YouTube gepos. Dit het betogings by die VS-ambassades in Egipte en Libië aan die gang gesit en kan met 'n vuurpylaanval wat vier mense gedood het, insluitend 'n Amerikaanse ambassadeur, verbind word.
>
> [Bron: *Shuters Topklas Religiestudies* Graad 12, bladsy 86]

3.2.1 Bespreek EEN voorbeeld van hoe die gebruik van sosiale media tot intergodsdienstige konflik kan lei. (6)

3.2.2 Noem VIER strategieë wat gebruik kan word om die misbruik van sosiale media te verhoed. (8)

3.2.3 Noem DRIE strategieë wat die media gebruik om ons opinies te beïnvloed. (6)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4

4.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Die Afrika-unie (AU) is ŉ organisasie wat uit 53 lidlande bestaan. Gestig in 2002 in Suid-Afrika, was die doel om te help om in Afrika demokrasie, menseregte en ŉ volhoubare ekonomie te verseker, deur veral ŉ einde aan intra-Afrika konflik te bring, asook die daarstelling van ŉ effektiewe gemeenskaplike mark.
>
> [Aangepas uit *Shuters Top Klas Religiestudies Graad 12*, bladsy 66]

4.1.1 Noem enige land in Afrika waar daar moontlik gewelddadige godsdienstige konflik is. (2)

4.1.2 Verduidelik die redes waarom die Afrika-unie gevorm is. (10)

4.1.3 Wat is die redes vir die konflik in VRAAG 4.1.1? (8)

4.1.4 Analiseer krities die rol van godsdiens in die konflik. (8)

4.1.5 Wat kan godsdienstige-organisasies doen om politieke vrede teweeg te bring? (10)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Godsdienstige identiteit behels die self-identifikasie en self-verklaring van diegene wat in ŉ bepaalde religie glo en die doktrines daarvan volg.
>
> [Bron: *Shuters Top Klas Religiestudies Graad 12,* bladsy 4]

Verduidelik die terme hieronder in die konteks van godsdiens.

4.2.1 Ideologie (4)

4.2.2 Doktrine/Leerstellings (4)

4.2.3 Gelykenis (4)
**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Namate jy die dinamika van intergodsdienstige verhoudings bestudeer, onthou hoe konsepte soos eksklusivisme, inklusivisme, pluralisme en sinkretisme kan help om die aard en omvang van hierdie verhoudinge te definieer.
>
> [Aangepas uit Shuters *Top Klas Religiestudies Graad 12,* bladsy 41]

5.1 Verduidelik die volgende konsepte in die konteks van religie.

5.1.1 Sinkretisme (2)

5.1.2 Pluralisme (2)

5.1.3 Inklusivisme (2)

5.1.4 Eksklusivisme (2)

5.2 Onderskei tussen *interreligieuse* en *intra-religieuse konflik*. (4)

5.3 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Afrika-geïnisieerde Christen kerke het ontwikkel op die kontinent om ŉ groter Afrika identiteit te reflekteer. Meer onlangs, was daar ŉ groei in die aantal Pinkster-kerke in Afrika, waarvan baie met Amerikaanse kerke ŉ verbintenisse het.
>
> [Aangepas uit Shuters *Top Klas Religiestudies Graad 12,* bladsy 44]

5.3.1 Bespreek die ontwikkeling van Afrika-geïnisieerde kerke in Suid-Afrika. (10)

5.3.2 Verduidelik die algemene oortuigings wat deur die Abrahamitiese godsdienste gedeel word. (10)

5.3.3 Bespreek die konsep *lering* in die konteks van religie. (10)

5.4 Jy is na ŉ multi-geloof skoolgebaseerde forum in jou gemeenskap genooi.

Bespreek die rol van intergeloof samewerking ten opsigte van die volgende:

5.4.1 HIV en Vigs (4)

5.4.2 Teen-geslagsgebaseerde-geweld (4)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS